Mediavrystelling

Suid-Afrika, 27 Junie 2012 – Naspers Beperk (JSE: NPN) kondig sy resultate vir die jaar tot 31 Maart 2012 aan.

GROEI DWARSOOR DIE MEESTE SAKE-EENHEDE

Naspers het vandag ’n styging van 19% (tot R39,5 miljard) in gekonsolideerde omset vir die jaar tot 31 Maart 2012 aangekondig. Kernwesensverdienste, wat die direksie as ’n goeie aanduiding van volhoubare prestasie beskou, het met 15% tot R6,9 miljard of R18,50 per aandeel gestyg. Dit is bereik terwyl die organiese ontwikkeling van besighede versnel is en onkoste van R2,8 miljard in die proses aangegaan is. Positiewe vrye kontantvloei was R3,6 miljard. ’n Dividendstyging van 24% tot R3,35 word voorgestel.

“Ons het bestendige groei oor die meeste van ons besighede beleef,” sê Naspers se voorsitter, Ton Vosloo. “Die internet lewer steeds die vinnigste groei en verskeie nuwe dienste word ontwikkel.”

Omset van die internetsegment het op ’n jaargrondslag met 59% tot R19,2 miljard geklim. Weens toenemende fokus op die ontwikkeling van e-handelplatforms en die organiese uitbou van bedrywighede, het handelswins teen ’n stadiger pas van 9% tot R3,8 miljard gestyg.

Betaaltelevisie het bevredigende intekenaargroei getoon en bereik nou 5,6 miljoen huishoudings dwarsoor Afrika. Danksy die toevoeging van 684 000 intekenare is omsetgroei van 15% tot R24,1 miljard behaal. Handelswins het stadiger teen 11% gegroei as gevolg van belegging in uitsaai-infrastruktuur en tegnologie, waaronder die ontplooing van digitale terrestriële televisiedienste in verskeie lande elders in Afrika.

Drukmedia in Suid-Afrika het ’n effens bestendiger jaar ondervind en omsetgroei van 15% behaal, onder meer danksy nuwe kommersiële drukkontrakte. Handelswins het ietwat herstel danksy volgehoue beheer oor onkoste.

Naspers se aandeel in kernverdienste van verwante maatskappye, waaronder Tencent in China, Mail.ru-groep in Rusland en Abril in Brasilië, het met 38% tot R5 miljard gestyg.

“Die markte en spesifieke sakesektore waarin ons bedrywig is, bly lewendig,” sê Naspers se uitvoerende hoof, Koos Bekker. “Ons het heelwat mededingende, regulatoriese en tegnologiese uitdagings, maar daar is ook geleenthede.”

Naspers se finansiële direkteur, Steve Pacak, voeg by: “Ons sal op die langtermyngroei van ons besigheid bly fokus. Ek verwag dat die huidige vlak van ontwikkelingsbesteding voortgesit sal word soos ons besighede organies uitgebou word.”

Vir meer inligting, kontak:

Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudings
Tel: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Steve Pacak, Groep Finansiële Direkteur
Tel: +27 21 406 3585
+27 21 406 2480
Selfoon: +27 83 250 0006

Die volledige resultate is beskikbaar op die Naspers webtuiste: http://www.naspers.com.

Belangrike inligting

Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se “Private Securities Litigation Reform Act” van 1995. Woorde soos “glo”, “verwag”, “voorneem”, “beoog”, “wil”, “beplan”, “mag”, “streef” en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunt en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan ’n aantal risiko’s, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouings wat hierin vervat is nie.